# JUNIOR PRODUKSIEBESTUURDER
## (Zwartfontein/Bonathaba Farm)

Dole Suid-Afrika, ‘n toonaangewende vrugte uitvoerder, het as gevolg van volgehoue groei, ‘n uitdagende geleentheid vir ‘n energieke, innoverende en dinamiese individu wat deur spertye gemotiveer word en beskik oor goeie kommunikasie– en interpersoonlike vaardighede asook die vermoë om onder druk te kan funksioneer.

Ons wag op aansoeke van energieke, hardwerkende persone wat beskik oor goeie bestuurspotensiaal met 'n liefde vir boerdery.

**Kwalifikasies:** Vereistes vir die uitdagende pos sluit in:

- 'n Toepaslike tersiêre landbou kwalifikasie sal in die aansoeker se guns tel
- Ten minste 2 jaar ondervinding en kennis van sitrus verbouing
- Tegniese agtergrond

Geskikte persoon sal in noue samewerking met die **Senior Produksiebestuurder** werk en indiensopleiding ontvang.

Verdere vereistes sluit in goeie menseverhoudinge, kommunikasievaardighede en rekenaargeletterdheid met basiese kennis van gehaltebestuurstelsels en toepassing van kwaliteitstandaarde. Moet bereid wees om na ure diens te verrig wanneer nodig.

**Sleutel Prestasie Areas:**

Primêre pligte sal insluit: kontrole en toesig oor produksie aktiwiteite, beheer oor en produktiwiteit van arbeid, bestuur van sitrus eenheid van 200 ha, besproeiing, bemesting en bespuitings, daaglikse gehalte- bestuurs administrasie, asook die toepassing van kwaliteitsbestuur asook die pluk en oes proses van sitrus.

Daar word ‘n markverwante vergoedingspakket aan die pos gekoppel.

Rig u volledige CV en verwagte vergoedingspakket aan: hr.sa@**dole.com**

**NB: Die aanstelling sal in lyn met ons Gelyke Indiensnemings Beleid gemaak word.**
Indien u nie binne drie (3) weke na die sluitingsdatum gekontak word nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

**Sluitingsdatum: 8 December 2022**

**Dole Africa (Pty) Ltd** | P O Box 4220, Old Oak, 7537 | D'Urban Square, 26 Bella Rosa Street, Rosenpark, Bellville, 7530
Tel +27 21 983 3600 | Fax +27 21 983 3666 | Registration No: 2004/032448/07

Directors: S J Nieuwoudt | S C Hewitt